# Opvoedkundige navorsingsmetodolgie 745 (NMQ 745)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Opvoedkunde |
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Programme** | BScHons Wiskunde en Wiskundeonderwys Algebra en Analise |
| | BScHons Wiskunde en Wiskundeonderwys Differensiaalvergelykings en Modellering |
| | BScHons Wiskunde en Wiskundeonderwys Toegepaste Analise |
| | BEdHons Algemeen |
| | BEdHons Assessering en Kwaliteitsversekering in Onderwys en Opleiding |
| | BEdHons Fisiese wetenskappe-onderwys |
| | BEdHons Leerondersteuning |
| | BEdHons Lewenswetenskappe-onderwys |
| | BEdHons Onderwysbestuur, -reg en -beleid |
| | BEdHons Onderwyser Opvoeding en Professionele Ontwikkeling |
| | BEdHons Opvoedkundige Sielkunde |
| | BEdHons Rekenaargeïntegreerde Onderwys |
| | BEdHons Tegnologie-onderwys |
| | BEdHons Wiskundeonderwys |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Wetenskap-, Wiskunde- en Tegnologie-onderwys |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die aard van onderwyskundige navorsing: navorsingskonteks, wetenskap, navorsings-etiek, waarheid, rasionaliteit, subjektiwiteit en objektiwiteit. Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbenaderings, navorsingsontwerpe en data-insamelingstegnieke. Verskeidenheid benaderings in kwalitatiewe navorsing, insluitend: gevallestudies, historiese navorsing, etnografiese en aksienavorsing. Basiese konsepte en beginsels van kwantitatiewe navorsing. Statistiese tegnieke in die onderwysnavorsingsproses. Opnamemetodologie en vraelysontwerp. Klassifikasie en grafiese voorstelling van data. Beskrywende metings. Statistiese inferensie. Dataverwerkingsprosedures. Parametriese versus nieparametriese toetse. Enkele toetsstatistiek (bv. F-toetse, en T–toetse).

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.